

Donderdag 29 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:4-13

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:6 (AFR83)

Dissiplineer jou kinders tot eer van God

In hierdie gedeelte van Hebreërs word 'n beeld gebruik van 'n bokseveg. Die veg is teen die sonde. Die punt tot waartoe daar weerstand gebied moet word, is selfs tot die bloed loop. Te veel keer gebeur dit dat mens in jou geloofslewe sommer die maklike pad stroom-af vat en ingee as sonde onverpoos aanhou om jou te versoek. 'n Mens gee in deur ongehoorsaam te wees aan God se wil en gee soms oor aan die sonde.

Op daardie punt, sê die Hebreërskrywer, tug God ons. Hy bring sy kinders terug tot gehoorsaamheid. Dan moet jy nie mismoedig word nie, want die Here wys jou tereg omdat Hy jou in Christus as kind aangeneem het en liefhet. Die tug is nie net sagte woorde nie, maar tug lyk op daardie oomblik na iets om oor te huil. Tog is dit nie doelloos nie, maar dit lewer goeie vrug: vrede – omdat daar gehoorsaamheid aan die wil van God is. Tug lei tot ons beswil dat ons mag deel in die heiligheid van God.

Hoewel die skrywer die argument van die mindere na die meerdere voer, is die teenoorgestelde ook waar. Ja, aardse vaders tug hulle kinders en ons het ontsag vir hulle, hoeveel te meer vir God. Maar, tug is 'n goddelike eienskap wat vloei uit sy liefde. Ons tug, omdat God tug. Hy tug nie sy kinders uit wraak of omdat Hyself 'n tekort in sy wese het wat Hy deur die tugtiging aanvul nie.

Net so moet ons ook in ons gesinne hierdie eienskap van God uitleef. Ons moet ons kinders nie uit woede tugtig of omdat onself 'n tekort in karakter het nie, maar in liefde moet ons ons kinders lei en bring tot dieselfde doel waartoe God ons tug.

Sing: Psalm 34-1:6

Ds. CB Robinson (Brahm) (Cachet)